Bybel vir Kinders
bied aan

Jesus Kies Twaalf Helpers

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.

Vertaal deur: Yvette Brits

Alastair Paterson

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jesus het wonderlike dinge gedoen.

Hy het siektes genees, gekwelde mense vrede gegee in hulle harte en verstand, en God se Woord aan mense geleer.

Skares het na Jesus gekom vir help en genesing.

Hy het besluit om twaalf mans
van Sy baie volgelinge
te kies, ...

… om Hom te help in
Sy werk vir God.

As jy belangrike besluit moet neem, bid jy daaroor by God? Jesus het! Op 'n stil plek op 'n berg het Hy met Sy Hemelse Vader gepraat.



Jesus het gebid tot die son onder gegaan het.

Jeus het
deur die
lang donker
nag gebid.

In die oggend het Jesus al Sy volgelinge geroep – al die vriende wat Hom gedien en gehoorsaam het.

Van hulle het Hy twaalf gekies om spesials helpers of apostels te wees.

Die eerste twee wat Jesus gekies het was broers, Simon Petrus en Andreas. Hulle het hulle visvang besigheid gelos toe Jesus hulle

geroep het om Hom te volg.

Jakobus en Johannes, seuns van Sebedeus het ook hulle visser nette gelos.

Jesus het ook die volgendes gekies,
Fillippus, Bartlomeus,
Matteus, Tomas,
Jakobus
seun val
Alfeus, ...



… Taddeus, Simon die Kananeër,
en Judas Iskariot wat
vir Jesus
verraai
het.



Jesus het hulle geleer dat om
te doen soos Hy sê,
is soos om 'n huis
op 'n stewige
fondasie
te bou.

Woeste storms
sal nie die huis
kan verwoes
nie.

Maar om nie Jesus se word te gehoorsaam nie, is soos om 'n huis op 'n sand fondasie te bou. Wanneer 'n storm kom sal die huis omval.



Party van Jesus se opdragte was nie maklik nie. "As iemand jou op die regter wang klap, gee jou linker wang ook," het Hy geleer.

“Wees lief vir jou vyand.” Mense het God se hulp nodig om soos Jesus te leef.

Jesus het ook vir die mense gesê om in die geheim te bid – hulle moes nie hulle ...

... gebede ten toon
stel voor mense soos
party godsdienstige
leiers dit doen nie.

Jesus het gesê
dat God die mense
wat in Hom glo sou
voed en klee.

Hy gee kos vir die voëls en pragtige kleure vir die blomme en plante, ...

… Sy mense kan
Hom vertrou vir
al hulle behoeftes.

Jesus het Sy nuut verkose helpers baie dinge geleer daardie dag. Toe Hy klaar was, het 'n melaatse na Hom gekom en Hom gesmeek om hom gesond te maak.

Jesus antwoord die melaatse, “Ek wil. Wees skoon.”

Terwyl sy
helpers toekyk
het die melaatse
gesond geword.
Hy was genees.
Net God se Seun
kon dit doen.

Die helpers het geweet hulle het 'n wonderlik Meester.

Jesus Kies Twaalf Helpers

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 4-7, Markus 1, Lukas 6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16